**Dinsdag 29 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 51**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:9**

## Die Here maak jou siel van sondeskuld vry

Sonde wat jy nie voor God erken en bely nie, maak jou siel onrustig. Hoe langer jy jou ellende probeer wegsteek, hoe erger brand dit in jou binneste.

Dawid se owerspel met Batseba en sy moord op haar man moes diep in sy siel bly brand het. Voor mense kon hy dit nog wegsteek, maar nie voor God nie. God stuur die profeet Natan na Dawid toe om sy sonde te ontmasker. Deur Natan word sy geheime sonde oopgesny.

Dawid bely dat sy sonde ten diepste teen God was (vs 6). Op grond van God se getroue liefde en barmhartigheid pleit hy om genade. Hy pleit dat die Heilige Gees nie van hom weggeneem word nie. Deur die Heilige Gees kon hy weer teen die aanvegtinge van die sonde vasstaan. Hy kon weer, nadat hy sy sonde erken en bely het, vrymoedig voor God verskyn.

In Jesus Christus se verdienste kan ons vrymoedig – met ’n skoon gewete – voor God verskyn. Deur ware berou en hartgrondige bekering laat die Heilige Gees ons as nuwe mense lewe.

Ons enigste troos in ons ellende is ons verlossing. Hoe wonderlik is dit om in Christus van ’n skuldige gewete vrygemaak te wees. Jy word nie moedeloos omdat jy nog soveel sondekrake het nie. Jy is dankbaar omdat die Heilige Gees jou nuut laat lewe. Jy is van die sondige doodsbestaan vrygemaak (Rom. 7:24, 25).

So maak die Heilige Gees jou dankbaar en bly. Jy gee jouself met groter toewyding aan God oor.

*Sing: Psalm 51:1, 2, 3, 6 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*